

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak Nr. : 3620/2000

In die saak tussen:

JOHN HENRI CLAASSENS

EISER

en

SENTRAOES BEPERK

VERWEERDER

AANGEHOOR OP: 12, 13, 15 MAART 2002,
27, 28, 30 AUGUSTUS 2002 EN
7, 8 EN 10 SEPTEMBER 2004

UITSPRAAK: CILLIé R

GELEWER OP: 20 JANUARIE 2005

- [1] Kragtens 'n ooreenkoms bereik tussen die partye tydens 'n reël 37-samespreking is by die aanvang van hierdie verhoor beveel dat die meriete en kwantum van die eiser se vordering teen verweerder geskei word en dat die die hof slegs die meriete van die eis sal bereg.

[2] Daardie meriete spruit voort uit 'n versekeringsooreenkoms wat tussen die partye gesluit was. Na aanvullings daartoe was die finale effek daarvan dat die verweerder die eiser skadeloos sou stel teen moontlike haelskade op 400 hektaar koringaanplantings van die eiser op sy plaas Steenbokpan in die distrik Hoopstad. Die totale uitgeneemde dekking was vir 'n opbrengs van 4 ton per hektaar teen 'n geldwaarde van R2 280 000,00. Afskrifte van hierdie versekeringsooreenkomste is bylaes "A" en "B" tot die besonderhede van eis. Dit is gemene saak dat die vereiste premies betaal was en dat die dekking wat deur die polisse verskaf was te alle tersaaklike tye van volle krag en werking was.

[3] Dit is eiser se saak dat gedurende die duur van die dekking wat ingevolge die polisse verskaf was, hael die koringaanplantings beskadig het, en dat sekere taksateurs van verweerder die skade bepaal het. Wat daarna gebeur het, word as volg in paragrawe 7, 8 en 9 van die eiser se

besonderhede van eis uiteengesit:

“7.

Gedurende die periode 1 tot 3 Desember 1999 en te

Steenbokpan, distrik HOOPSTAD het verweerder

opsetlik, **alternatiewelik** nalatiglik, **alternatiewelik**

onskuldig die volgende wanvoorstellings aan die eiser

gemaak naamlik:

7.1 dat slegs 15% van die eiser se skade wat uit hoofde van die gemelde twee versekeringspolissie verseker is, veroorsaak is deur hael;

7.2 dat die res van die eiser se skade veroorsaak is deur voëls teen welke skade die Verweerder nie die eiser verseker het nie.

8.

Die gesegde voorstellings is gemaak met die doel om die eiser te oorreed om die ooreenkoms waarna in die volgende paragraaf verwys word, te sluit en aan te gaan:

8.1 Eiser het geglo dat die voorstellings die waarheid

is;

8.2 Eiser het die ooreenkoms in die hieropvolgende paragraaf uiteengesit met die verweerder gesluit en aangegaan op grond van die geloof in die voorafgaande subparagraaf vermeld;

8.3 Eiser sou nie die ooreenkoms met die verweerder gesluit het en aangegaan het indien eiser bewus was van die ware toedrag van sake nie;

8.4 Die ware toedrag van sake was dat die skade deur hael veroorsaak is en nie deur voëls nie.

9.

Gevolgtik het eiser en verweerder op of omtrent **15 Desember 1999** ooreengekom dat verweerder aan eiser slegs die bedrag van **R91,599,00** sal betaal ten opsigte van die eiser se skade wat uit hoofde van bylaag “**A**” en “**B**” verseker is.”

[4] Nadere besonderhede tot hierdie beweringe verduidelik dat

die voorstellings deur die taksateurs van verweerder genaamd Venter, Theron en Bester gemaak sou gewees het. Dit word voorts aangevoer dat die beweerde ooreenkoms toe met voormelde Bester namens verweerder gesluit is. In paragraaf 10 van die besonderhede van eis word dan as volg konkludeer:

“10

Gevolgtik is die ooreenkoms tussen eiser en verweerder waarna in die voorafgaande paragraaf verwys is, nietig, **alternatiewelik** was eiser geregtig om dit te kanselleer, het hy dit gekanselleer, **alternatiewelik** word dit hiermee gekanselleer. Eiser tender hiermee restitusie van die bedrag van **R91,599,00** ingevolge die ooreenkoms ontvang.”

[5] In ‘n eerste alternatiewe eis word as volg beweer:

“12

In die alternatief tot paragraaf 7 tot 11:

12.1 Ingevolge die ooreenkoms gesluit en aangegaan tussen die partye soos vermeld in paragraaf 9 was verweerder verplig om aan eiser te betaal die bedrag van **R1,571,661,00** ten opsigte van skade deur eiser gely op **400 ha** koring, welke bedrag bereken en saamgestel word soos uiteengesit in bylaag “**D**”.

12.2 Verweerder het aan eiser betaal die bedrag van **R91,599,00** synde die ooreengekome skade ten opsigte van slegs **146 ha**.

12.3 Gevolglik is verweerder nog aanspreeklik teenoor eiser vir betaling van die bedrag van **R1,480,062,00** ten opsigte van die skade aangerig aan die restant van die koring. Die berekening en samestelling blyk uit Bylaag “**D**”.

(Die verwysing na paragraaf 9 is foutief en moet verstaan word as paragrawe 3 en 4.)

[6] ‘n Verdere alternatiewe eis beweer dat:

In die alternatief tot paragrawe 7 tot 12:

13.1 Ingevolge die bepalings van die ooreenkoms tussen die partye moes die Verweerder die Eiser se versekerde skade volgens voorgeskrewe taksasieprosedures bepaal.

13.2 In die alternatief tot paragraaf 13.1 was dit 'n uitdruklike, **alternatiewelik** stilswyende, **alternatiewelik** geïmpliseerde term van die ooreenkoms tussen die partye dat die Verweerder die Eiser se skade sal takseer op 'n kundige en betroubare metode ten einde 'n betroubare en verteenwoordigende weergawe van die omvang van die skade te bied.

13.3 Die Verweerder het versuim om op te tree ooreenkomstig die bogemelde twee sub-paragrawe en gevolglik die omvang van die Eiser se skade foutief, nie verteenwoordigend nie, en onbetroubaar takseer en het die taksasieproses wat gevolg is, nie die ware omvang van die Eiser

se skade bepaal nie.

13.4 Indien die Verweerder die korrekte taksasieprosedures sou gevolg het en die ware omvang van die Eiser se skade korrek verteenwoordigend en betroubaar sou vasgestel en bepaal het, sou Verweerder die skade vasgestel het en bepaal het vir die bedrag en omvang soos uiteengesit in paragraaf 11 (met verwysing na bylaag "C").

13.5 Gevolglik is Verweerder aan Eiser verskuldig betaling van die bedrag van R1 119 485,23 soos bereken en saamgestel in paragraaf 11 *supra*."

[7] Dit is gemeensaak dat die bedrag van R91 599,00 deur verweerder aan eiser betaal is op grond van skade soos dit deur verweerder getakseer was, en wel nadat eiser die taksasies aanvaar en onderteken het.

[8] Verweerder pleit op hierdie beweringe dat eiser die taksasie van die haelskade onderteken en aanvaar het dat dit die

enigste skade was wat daar was (skade deur 'n vroeëre brand veroorsaak is nie in hierdie geding tersaaklik nie) en dat eiser hom nie ingevolge artikel 12 van die versekeringspolis op arbitrasie beroep het nie. Gemelde klousule 12 lees as volg:

“Indien die versekerde teen 'n taksasie beswaar maak en weier om die taksasievorm te teken, moet hy hom binne 3 dae na taksasie uitgevoer is op arbitrasie beroep deur Sentraoes skriftelik daarvan kennis te gee en terselfdertyd sy arbiter met sy adres en telefoonnommer benoem Die twee arbiters voer eers die arbitrasie uit en indien hulle twee nie eenstemmigheid kan bereik nie, gee die skeidsregter uitsluitel. Die beslissing van die arbiters of andersins van die skeidsregter is finaal en geen appèl mag daarteen aangeteken word nie. Die arbitrasiebevinding vervang die oorspronklike taksasie onder alle omstandighede vir eiservergoedingsdoeleindes.”

(Net die relevante gedeeltes van die klousule is aangehaal.)

[9] Dit is nie 'n geskil nie dat die eiser ongeveer 5 maande na

die taksasie die verweerder die eerste keer versoek het om die geskil oor taksasie na arbitrasie te verwys en dat verweerder dit geweier het. Op daardie stadium was die 3 dae tydperk na verwys in artikel 12 natuurlik lank reeds uitgeloop.

[10] In repliek steun eiser daarop dat die gewraakte klousule 12 skeibaar is van die restant van die polis en dat eiser verskoon moet word van nie-nakoming van klousule 12 omdat dit vir hom onmoontlik geword het om ingevolge daarvan op te tree. In die verdere alternatief versoek die eiser tersydestelling van klousule 12 ooreenkomstig artikel 3(2) van die Arbitrasiewet Nr. 42 van 1965.

[11] Die geskil tussen die partye word benader op die basis dat die bewyslas ten aansien van onder andere die volgende aspekte op die eiser rus:

1. Dat Venter, Theron en Bester in die periode 1 tot 3 Desember 1999 wanvoorstellings aan die verweerder gemaak het ten effekte dat die skade grootliks deur voëls en nie hael nie veroorsaak was. In die repliek word

inderdaad gesteun op bedrieglike wanvoorstellings;

2. Dat dit gedoen was met die bedoeling om die eiser te oorreed om die taksasie te aanvaar;

3. Die eiser vertrouende hierop die taksasies aanvaar en arbitrasie laat vaar het;

4. Die skade nie deur voëls nie, maar deur hael veroorsaak was;

5. Hierdie wanvoorstelling dit onmoontlik gemaak het vir eiser om aan klousule 12 van die polis te voldoen;

6. Die omstandighede van die saak so is dat klousule 12 ingevolge die Arbitrasiewet Nr. 42 van 1965 tersyde gestel moet word.

[12] Wat die feite van hierdie saak betref, draai alles om die taksasie van die eiser se beweerde skade en die feit dat hy

ver kies het om nie op arbitrasie te gaan nie.

- [13] Die kern van eiser se getuienis was in hierdie verband dat Venter en Theron die dag van die taksasie (wat volgens eiser 1 Desember 1999 was, maar volgens alle ander aanduidings 'n dag of wat vroeër was) die houding ingeneem het dat die eiser hul tyd mors, dat daar nie haelskade was nie en dat voëls sy oes vernietig het. Op sy aandrang is wel getakseer, maar was hy nie tevrede met die taksasie nie. Daarop het eiser sy vertroueling, Bester, wat ook as taksateur verbonde is aan verweerder, geskakel. Twee ander taksateurs in die persone van Van Huyssteen en Van Vuuren het later die dag ook taksasies kom doen, maar daar was geen verandering in die taksasie nie. Dit is nie nodig om uiteen te sit welke taksateurs welke lande takseer het nie. Dit blyk uit die bewysstukke wat deel vorm van die bundel gemerk "A". Volgens eiser was hy steeds ontevrede met die taksasies en is daar toe van arbitrasie melding gemaak. Dit is 'n begrip wat hy nie mooi begryp het nie en die volle betekenis waarvan hy nie ingesien het nie. Eiser het toe weer vir Bester gebel wat toe die volgende dag

tesame met Venter, weer die lande hertakseer het. Bester het toe 'n verhoogde persentasie skade naamlik 15% op die lande, wat nog nie afgestroop was nie, bepaal en aangebied om dit uit te betaal. Volgens die eiser kan hy nie onthou of Bester hom ook ingelig het van die arbitrasieprosedure nie. Hy het egter Bester se taksasie aanvaar, omdat hy dié vertrou het. Op grond van die hoeveelheid groen opslag wat veel later op die lande sigbaar was, het hy later tot die gevolgtrekking gekom dat sy haelskade veel groter was as wat takseer was.

- [14] Die eiser se weergawe dat die hele konsep van arbitrasie vir hom vreemd en onbekend was, is ernstig onder verdenking. Die getuienis van Theron en Venter asook Bester dat die prosedure aan hom verduidelik was, is oortuigend. In die lig van eiser se opleiding en jarelange ervaring as boer wat sy gewasse verseker, is dit erg onwaarskynlik dat hy nie die begrip en inslag hiervan verstaan het nie. Volgens sy getuienis doen hy ook geen werklike moeite om noukeurig navraag in hierdie verband te doen nie. Dit is onbegryplik

waarom verweerder se getuies onbehelpsaam sou wees met betrekking tot arbitrasie en presies hoe dit werk. Dit sou eenvoudig vir eiser gewees het om hulp te kry ten einde te weet hoe om op te tree. Eiser is intelligent genoeg om te besef dat die hele aangeleentheid rondom arbitrasie krities is vir sy sukses met sy eis. Die gevolgtrekking is onafwendbaar dat eiser agter onkunde aangaande die inslag en werking van arbitrasie skuil, in 'n poging om die implikasies hiervan te ontsnap.

[15] Dit staan wel vas dat die eiser deur die voormelde taksateurs meegedeel was dat as hy wil arbitreer, die stropery voorlopig moet stop. Dit is 'n reg wat die verweerder in terme van die bepaling van die polis (vergelyk artikel 10 daarvan) het. Die getuienis is egter duidelik dat so 'n arbitrasie die volgende dag al kon geskied.

[16] Uit die getuienis as 'n geheel is dit duidelik dat die eiser 'n doelbewuste besluit geneem het om nie op arbitrasie te gaan nie. Sy begeerte om die oes ingesamel te kry en die

stroperkontrakteur se dreigement dat hy nie wag nie, was duidelik die rede daarvoor en nie enige wanvoorstelling deur die taksateurs nie. Die versoek wat eiser se prokureur veel later vir arbitrasie gerig het, sou uitloop het op 'n sinnelose oefening en is 'n poging om die voorskrifte van die polis in hierdie verband te ontkom. Arbitrasie moet tog geskied ooreenkomstig die raamwerk van die polis.

- [17] Die eiser het my nie oortuig daarvan dat 'n wanvoorstelling deur verweerder se getuies hom beweeg het om nie te arbitreer nie. Daar is gevolglik geen grondslag vir 'n bevinding dat verweerder se toedoen arbitrasie onmoontlik gemaak of verhoed het soos deur eiser aangevoer word nie. Die aanvaarding van die taksasies en die daaropvolgende uitbetaling van die skade was in uitvoering van die bepaling van die polis. Om dit in te klee soos eiser doen, as 'n afsonderlike ooreenkoms, is geforseerd en kunsmatig en 'n poging om 'n skuldoorsaak te vind om die konsekwensies van die besluit om nie te arbitreer nie, te ontkom.

- [18] Die eiser se beroep op artikel 32 van die Arbitrasiewet kan ook nie slaag nie. Waar 'n party tot 'n ooreenkoms wat 'n arbitrasieklousule bevat doelbewus besluit om nie te arbitreer nie, maar vir eie redes die *status quo* aanvaar, sal die hof nie ligtelik die diskresie wat artikel 3(2) bied later in so 'n party se guns uitoefen nie. In sodanige omstandighede is daar nie voldoende "compelling reason for refusing to hold a party to his contract to have a dispute resolved by arbitration" nie. Vergelyk UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH v J A LOUW (EDMS) BPK 1983 (4) SA 321 (A) op 333 e.v. Benewens dit het ek twyfel of artikel 3(2) daarop gerig is om met 'n situasie wat *expost facto* soos hier ontstaan het, te handel. Hierdie is 'n bepaling wat gerig is op die toekoms. Die onderhawige klousule het tog reeds as gevolg van tydverloop en voldoening sy aanwending verloor.
- [19] Die eiser se tweede alternatiewe skuldoorsaak (paragraaf 13 van die besonderhede van eis) berus op die bewering dat die verkeerde prosedure tydens die taksasie gebruik was. Dit verwys na die aanvanklike weglating van die sogenaamde

buitenste rye by berekening van die skade. Volgens Bester was dit foutief en het hy in sy “her- of hersieningstaksasie of inspeksie” (wat mens dit nou ookal wil noem) dit wel in ag geneem. Dit is ook buite geskil dat eiser op grond van Bester se berekeninge uitbetaal is vir sy skade al was dit nie ‘n formele taksasie nie. Die bewering in paragraaf 13.4 dat as die korrekte taksasieprosedure gevolg was, die eiser se skade die gemelde bedrag sou wees, is nie bewys nie. Geen oortuigende getuienis tot daardie effek was voorgelê nie. Die getuienis van die deskundiges berus op *ex post facto*-berekeninge wat nie bo die berekeninge van veral Bester aanvaar kan word nie. Bester was ‘n goeie getuie en vir soverre as wat sy berekeninge nie presies ooreenkomstig prosedure was nie, is ek nie oortuig dat dit die omvang van die werklike skade enigsins wesentlik beïnvloed het nie.

- [20] Mnr. Danzfuss, namens die eiser, se versoek in sy slotbetoog dat die hof ‘n bevel moet maak dat die verweerder aan eiser moet betaal die bedrag skade wat hy mag bewys hy gelei het as gevolg van die hael sonder dat eiser gebonde

is aan die kontraktueel voorgeskrewe wyse vir bepaling en bewys van sy skade, kan dus nie toegestaan word nie. Ek bly onoortuig daarvan dat die eiser se skade in enige mate hoër is as dit wat inderdaad aan hom uitbetaal is.

[21] Bygevolg word eiser se eis afgewys met koste.

C.B. CILLIé, R

Namens die eiser:

Adv. F.W.A. Danzfuss SC
In opdrag van:
Rossouws Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens die verweerder:

Adv. J.P. de Bruin SC
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

/sp